Book Reviews/Boekresensies

Grondtrekke van die Siviele Prosesreg in die Landdroshowe

deur CF Eckard
Tweede Uitgawe
Juta & Kie, Bpk 1990
1xii + 385 Bladsye
Sagteband R86 (AVB uitgesluit)

In die voorwoord tot die eerste uitgawe van die boek vermeld die skrywer dat hy hom ten doel stel om 'n werk te skryf wat in hoofsaak verduidelik hoe die beginsels van die siviele prosesreg in die praktyk toegepas word en as sodanig in die behoefte van prokureursleerklerke (kandidaat-prokureurs), advokaatpupille en senior studente te voorsien. By die tweede uitgawe is dieselfde doelwit, soos die titel van die boek trouens ook aandui, nagestreef.

Dit is jammer dat die skrywer, met uitsondering van die *audi alteram partem*-beginsel wat hy as "die beginsel wat die hele siviele prosesreg ten grondslag lê" (p60) beskryf, nie ook na ander relevante beginsels verwys nie. In dié verband kan beginsels soos *nemo iudex sine actore, ne eat iudex ultra petita partium*, die beginsel van insameling en aanbieding van getuienis deur die partye en prosedurele ekonomie, en hoforganiese beginsels, genoem word. 'n Kort uiteensetting van sodanige beginsels oftewel kenmerke van die adversatiewe stelsel sou ongetwyfeld tot 'n beter begrip van die praktiese werking van die hofreëls wat daaruit voortvloei by die vermelde lesersgemeenskap kon lei. Desnieteenstaande word daarin geslaag om die hele spektrum van landdroshofprosedure op 'n kort, eenvoudige en duidelike wyse aan die leser te bied.

Naas 'n inhoudsopgawe en 'n vonnis-en onderwerpregister beskik die boek oor numeriese lyste van artikels, reëls en vorms tot die reëls. 'n Alfabetiese lys van voorbeelde vergemaklik naslaanwerk aansienlik.

Die formaat van die boek is vergroot en in die algemeen meer indrukwekkend as dié van die eerste uitgawe.

Statutêre wysigings en belangwekkende hofuitsprake is bygewerk tot by dié wat op 1 Julie 1989 in werking getree het. In laasgenoemde verband sou 'n verwysing na die volgende wenslik wees:

- ☐ *Mills v Starwell Finance (Pty) Ltd* 1981 3 SA 84 (N) in verband met die tydstip waarop jurisdiksie ingevolge artikel 28 bepaal word;
- ☐ *Minister of Law and Order v Patterson* 1984 2 SA 739 (A) in verband met die "woning" van die Staat by die toepassing van artikel 28(2).

Eweneens is die insluiting van 'n voorbeeld van 'n verweerskrif op die meriete wenslik. 'n Groot deel van die waarde van die boek lê immers in die uiters nuttige voorbeelde waar die praktiese toepassing van die tersaaklike reël(-s) aan die leser geïllustreer word (kyk in hierdie verband ook die kommentaar van Van Blerk en Venter 1984 *De Rebus* 611-12).

Die inwerkingtreding van nuwe wetgewing kort na die verskyning van die boek het die skrywer se moeitevolle arbeid nie ontsien nie. In dié verband het die Wet op Balju's 90 van 1986 wat op 1 Maart 1990 in werking getree het onder andere meegebring dat die amp van geregsbode met dié van balju vervang word. Gevolglik moet verwysings in die boek na "geregsbode" in die lig van hierdie wysigings gelees word.

Tik- en ander foute is opgemerk. Slegs die volgende word genoem:

- ☐ Inhoudsopgawe pxiv par 11: verwys nog na "duisend vyfhonderd rand" en "drieduisend rand";
- ☐ p70: *Simross Vintners (Pty) Ltd v Vermeulen en twee ander sake* 1978 1 SA 799 (T) ipv 1987 1 779 (T);
- ☐ p77 par 2: Lettertipe verskil;
- ☐ p89 vorm II: "gedasteer" ipv "gedateer".

In die geheel gesien geld die positiewe kommentaar wat ten opsigte van die eerste uitgawe gelewer is in 1984 *De Rebus* 611; 1984 *TRW* en 1985 *SALJ* 196 sonder voorbehoud ook vir die tweede.

Daar kan met verwagting uitgesien word na die publikasie van *Principles of Civil Procedure in the Magistrates' Courts*.

Danie van Loggerenberg
Pretoriase Balie

☐ ☐ ☐

Juta Legislation Service:

Family Law Legislation
Volume II, Husband and Wife

Compiled and edited by GB Bradfield
English/Afrikaans loose-leaf service issue R86 (GST excluded)

In a publisher's note dated September 1985, Juta & Co Ltd stated: "In response to a long-felt need for the more important statutes to be published individually and bilingually in a form that can readily be kept up to date, Juta's has introduced its loose-leaf series with four of the most important Acts. It is intended that further titles will shortly be added to the series."

With this, the second volume of the sixth title in the series, the publisher has once again excellently succeeded in achieving its aim.

Volume II deals with the South African legislation relating to husband and wife in four sections: marriage; divorce; maintenance and, lastly, Act 81 of 1963. These sections are neatly separated by different coloured divider boards. The following titles are included, each of them separated by a blue title-page from the other:

(a) *Marriage:*
Marriage Act 25 of 1961 and regulations
Matrimonial Affairs Act 27 of 1953
Matrimonial Property Act 88 of 1954

(b) *Divorce:*
Divorce Act 70 of 1979
Dissolution of Marriages on Presumption of Death Act 23 of 1979
Mediation in Certain Divorce Matters Act 24 of 1987

(c) *Maintenance:*
Maintenance Act 23 of 1963 and rules
Reciprocal Enforcement of Maintenance Orders Act 80 of 1963 and rules
Reciprocal Enforcement of Maintenance Orders (Countries in Africa) Act 6 of 1989
(d) *Act 81 of 1963:*
Births, Marriages and Deaths Registration Act

A table of cases and index have been included under most of the titles. An instruction sheet and table of contents are found at the beginning of the manual. The work is published in the by now distinctive green-coloured/gold-lettered durable and briefcase-sized (!) Juta Legislation Service ringbinder. The review copy was up to date as at 1 January 1990 although this is not clear as appears from the comments below.

A newsletter published regularly with the intention "to bring subscribers up to date in respect of both the latest amendments to the legislation as well as the latest decisions concerning the legislation, regulations and rules" accompanies the service. The information in this newsletter will be contained in each next revision service in the form of replacement pages. Subscribers to the JUTALEX service on Beltel have the advantage of being kept informed of any changes which may occur between the newsletter and the next revision service. The JUTALEX service is updated on a daily basis.

The eye caught some errors, for example,

- ☐ Instruksiebladsy par vii: "onmiddelik" (onmiddellik);
- ☐ Inhoud Wet 25 van 1961: "A1:1-34" (A1:1-33);
- ☐ Inhoud Wet 37 van 1953. "B1:1-10" (B1:1-9);

and a contradiction, viz

- ☐ Instruksiebladsy: "Up to date as at 1 January 1990";
- ☐ Title page: "Up to date as at 31 December 1989";

and a doubtful word

- ☐ Instruksiebladsy: "Deeltitel-bladsye" (subtitel-bladsye of onderwerpbladsye?)

In the publisher's note mentioned above the opinion was expressed that "this complete and reliable manual will give you many years of service". No doubt Volume II of the Family Law Legislation Service will do so as well.

Danie van Loggerenberg
Pretoria Bar

Praktiese Vonnisoplegging

deur WF Krugel en SS Terblanche
Digma Publikasies (Edms) Bpk 1990
Los bladsye in harde houer
R39

Bemoedig deur 'n voorwoord van die Hoofregter is hierdie jongste handleiding oor straftoemeting te water gelaat. Die skrywers bevaar 'n duistere see waarin hul kompas, die uitsprake van die hooggeregshof, soms teenstrydige seine gee. Dit is egter vir Krugel en Terblanche nie onbekende waters nie; op hierdie gebied is hul gesoute seelui wat hul kundigheid en vaardigheid in die harde werklikheid van die praktyk opgedoen het. Daarom is dit dan ook 'n handige praktiese handboek oor vonnisoplegging.

Vir regsprekende beampte in die strafhof is straftoemeting die moeilikste taak wat hom opgelê is. Waar regspraak geskied aan die hand van duidelike riglyne wat by wet neergelê is of in die gemenereg uitgekristalliseer het en hy oor skuldig- of onskuldig-bevinding geen twyfel het nie, word daar dikwels lank getob oor 'n gepaste vonnis. Dit is omdat daar geen bloudruk is nie en die straftoemeter die regsgevoel van die gegriefde gemeenskap moet temper met die salf van genade. Die reeds moeilike taak word veelvoudig bemoeilik deur die samestelling van ons samelewing met sy kulturele verskeidenheid, sy stands- en rasseverskille en sy diepgewortelde argwaan en vooroordele. Wat is die regsgevoel van so 'n gemeenskap? Kan daar 'n eenvoudige maatstaf wees? Hoe moet die straftoemeter dit peil?

Die boek is in losbladsy-formaat wat op datum gehou word deur diensuitgawes. Dit het nie ten doel om 'n uitgebreide dissertasie te wees oor teoretiese aspekte van straftoemeting nie. Dit is 'n bondige naslaanwerk wat op die regbank of in die tas van die besige praktisyn 'n vinnige en duidelike antwoord sal verskaf aan die hand van die jongste regspraak.

Die werk beslaan nege afdelings oor algemene beginsels, gevangenisstraf, periodieke gevangenisstraf, boete, hantering van jeugdige oortreders, lyfstraf vir manspersone onder 30 jaar, verwysing na rehabilitasiesentrums, waarskuwing of berisping en uitstel of opskorting van vonnis. Laasgenoemde onderwerp dek ook skadeloosstelling, gemeenskapsdiens en voorwaardes gerig op die oortreder soos dat hy behandeling moet ondergaan (of 'n opstel skryf) benewens die gebruiklike negatiewe voorwaardes. Daar is ook tabelle van wetgewing en aangehaalde sake.

Elke afdeling sit eers die tersaaklike statutêre bepalings uiteen. Daarna kom die toepaslike algemene beginsels by wyse van aanhalings uit uitsprake van die hooggeregshof, die aard van die vonnis, vir watter misdade dit opgelê kan word, watter beperkings daar bestaan, watter riglyne gevolg moet word, waar die straf in die rangorde van strawwe staan, wat sy omvang is, hoe die vonnis moet lui en besonderhede oor tenuitvoerlegging. Ook word behandel die uitleg van strafbepalings en die tersake administratiewe voorskrifte word ook gemeld. Daar is 'n kruisverwysing na bestaande handboeke, tydskrifartikels, die verslag van die Viljoen-kommissie en hofverslae. Onder die hoof periodieke gevangenisstraf is daar 'n onmisbare bylae van gevangenisse waar periodieke gevangenes opgeneem word. Dit onderskep 'n lank gevoelde probleem wat die hooggeregshof op appèl het waar die moontlikheid van hierdie tipe vonnis oorweeg word en dit onseker is of dit prakties uitvoerbaar is. (In die lig van die jongste beleidsaankondiging is die verdeling tussen blankes en anderskleurige waarskynlik oorbodig.)

Die voorgestelde bewoording van die verskillende moontlike vonnisse wat 'n hof kan oplê sal van groot nut wees om eenvormigheid en korrektheid in die hand te werk.

Soos gemeld is die boek nie 'n diepgaande studie oor die teorie van straftoemeting nie. Tog sou 'n mens graag, waar toepaslik, die skrywers se eie siening verneem oor omstrede onderwerpe. Die werk gee ook nie leiding aan die jong landdros wat alleen sy dorp bedien oor wat die "gangbare" vonnis is vir 'n bepaalde soort misdaad nie. Is dit R300 of is dit twee maande gevangenisstraf? Word die vonnis normaalweg opgeskort? Om van 'n "gangbare" vonnis te praat is natuurlik kontensieus in die lig van die vereiste van individualisering van straf. Tog moet daar noodwendig, al is dit binne 'n wye raamwerk, soortgelyke vonnisse vir soortgelyke misdade opgelê word, anders kom die regspraak in diskrediet. In hierdie opsig sou 'n praktiese handboek leiding kon gee.

Die feit dat die skrywers met opset die doodstraf, wat nou diskresionêr geword het, en verklaring tot